AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Gevorderde Diploma in

PROJEKBESTUUR

NKR-VLAK 7	130 KREDIETE	SAKO-NOMMER: 99024	ONDERRIGLEERMODEL: Nauurse onderrigmodel

WAT BEHELS HIERDIE KWALIFIKASIE?

Die Gevorderde Diploma in Projekbestuur bemagtig die student om die beginsels van projekbestuur te verstaan en om dié beginsels in die praktyk toe te pas, sodat projekte suksesvol ontwikkel en bestuur kan word. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in projekbestuur, projekuitvoering en beheer, tydsbeplanning, kostebestuur, en projekkwaliteit en -risikobestuur. Die Gevorderde Diploma in Projekbestuur dien as 'n basis vir verdere studies met die oog op die bestuur en lei van projekte binne die werkplek. Hierdie omvattende kwalifikasie is van toepassing op beide internasionale en nasionale kontekste. Dit is ideale onderrig vir programbestuurders, projekbestuurders of enigeen wat alledaagse take bestuur, en vul voltooide studies met insiggewende, praktiese vaardighede aan.

WATTER MODULES MOET EK VOLTOOI?

Inleiding tot Projekbestuur	*Projektydbestuur*	*Projekgehalte- en Risikobestuur*
Projekuitvoeringbestuur	*Korporatiewe Projekbestuur*	*Projekkostebestuur*

WAT IS DIE TOELATINGSVEREISTE?

- *'n Geakkrediteerde driejaarkwalifikasie op NKR-vlak 6 of gelykstaande/hoër kwalifikasie.*
- *Praktiese werkervaring in 'n veld wat met die vlak 6-kwalifikasie ooreenstem sal voordelig wees.*

HOE LANK NEEM DIT OM HIERDIE KWALIFIKASIE TE VOLTOOI?

Die program word in een jaar voltooi.

PROGRAMKOSTE VIR 2022: **Vanaf R40 300**

AANSOEKE VIR STUDIE IN 2022 IS REEDS OOP. *Klik hier vir meer inligting*

www.akademia.ac.za | *086 122 2888*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.